GrysKrag GreyPower

Nuusbrief

Newsletter

Mei/Junie/Julie

May/June/July

2015

Volume 3, No. 5

INSIDE THIS ISSUE:

Die mishandeling van bejaardes	1
GrysKrag-Gholfdag 25/08/15	1
How the budget is affecting retirees	2
Navorsing oor aftree-oord nuusbriewe	2
Flu vaccine for the elderly	2
Grant for older people	3
Stappe om 'n aanlynwinkel te begin	3
Nuus oor tegnologie – maatskappye	3
Boomkastele	4

DIE MISHANDELING VAN BEJAARDES

Bejaarde mishandeling word dikwels weggesteek. GrysKrag beklemtoon weereens die feit dat dit Maandag 15 Junie oor die wêreld heen 'n bewusmakingsdag van bejaardemishandeling was.

Die mishandeling van bejaardes is 'n groeiende bekommernis. Die snelle veroudering van die Suid-Afrikaanse samelewing noodsaak dat hierdie kwessie ondersoek word.

Bejaarde mishandeling is soortgelyk aan ander geweldsmisdaad. Dit sluit fisiese-, emosionele en seksuele mishandeling asook verwaarlosing in. Navorsing rondom die omvang van bejaarde mishandeling is skaars. Slegs 'n paar bevolkings-gebaseerde studies is tot dusver uitgevoer wat toon dat tussen 5% en 8% van ouer mense aan mishandeling onderwerp word. Dit vind plaas in tuisversorging, versorging in 'n fasiliteit asook binne gemeenskappe waar bejaardes woon. GrysKrag is van mening dat bejaarde mishandeling baie meer voorkom omdat dit bykans nooit aangemeld word nie.

Vir bejaardes is die gevolg van geweld dikwels baie ernstig. Ouer mense se bene is bros en die herstelproses vir die ouer persoon neem langer. Selfs 'n relatiewe klein besering soos 'n klap of 'n stamp met die elmboog kan ernstige skade veroorsaak. Daar is verskeie faktore wat bydra tot bejaarde mishandeling. So is daar familie-verhoudinge wat nie ideaal is nie agv spanning namate die ouer persoon meer afhanklik word; sosiale isolasie wat tot eensaamheid lei en baie jonger mense verhuis oorsee, terwyl die fisiese en emosionele versorging van ouer mense agterweë bly.

Bejaarde mishandeling kom ook in versorgingsentrums voor, soos televisiekykers onlangs op Carte Blance waargeneem het. Hierdie sentrums word gekenmerk deur lae standaarde, swak opgeleide of oorwerkte personeel. Die interaksie tussen personeel en inwoners kan ook lei tot konflik weens misverstande.

Bewusmakingsveldtogte en oop gesprekke oor bejaarde mishandeling moet aangemoedig word. Bejaardes moet ook ingelig word waar hulle kan gaan hulp soek. Laat ons saam staan teen hierdie euwel in ons gemeenskap en laat ons die stem wees vir ons geliefde ou mense.

GRYSKRAG-GHOLFDAG, 25 AUG 2015

GrysKrag se eerste gholfdag ten bate van ouere persone wat ortopediese hulpmiddele benodig vind op 25 Augustus vanjaar by die Waterkloof Gholfbaan plaas.

Verskeie organisasies het alreeds hul finansiële steun aan die gholfdag toegesê.

Die formaat van die dag is 'n BB Stableford (twee tellings) en 120 spelers gaan vanaf 11:00 begin afslaan. Borge wat gholfpette, balle met 'n logo of ander "hand outs" borg kry vir jare daarna nog blootstelling wanneer spelers, hul kinders of skelms dit dra of daarmee speel.

Finansiële bydraes kan op die onderstaande wyses gelewer word:

' n Vierbal sonder om te borg, is R2,000; 'n Putjie borgskap sluit een vierbal en bemarking by die putjie in.

Oefensetperk: R5,000; Putjies 1 en 10: R5,000; Putjies 2 tot 9 en 11 tot 18: R3,000.

Die inskrywingsvorm is op GrysKrag se webwerf **http://www.gryskrag.co.za** beskikbaar. Klik op "new events".Belangstellendes in die gholfdag, kan Martie Squier van GrysKrag by **martie.squier@gmail.com** kontak of 012 348 3087 en 071 7372 549 of Tom Moodie by 072 2373 190

HOW THE BUDGET 2015/2016 WILL AFFECT RETIREES

Budget 2015/2016

The budget for the 2015/2016 fiscal year was, for the most part of it without surprise. Many predicted an increase in tax rates and this did materialize. Minister Nene announced an across the board personal income tax increase of 1% for income brackets over R181.900, little personal income tax relief via rebates & medical scheme contributions, a significant increase in the fuel levy and good news with regards to the foreign investment threshold.

The proposals made are set out below:

Income tax brackets have been increased on average by 4.2%.

Medical tax credits, which replaced the medical deduction system, increased by 5%.

Rebates have increased in line with the bracket movements.

Fuel levy and road accident fund has been increased by 30.5c.

"Sin" taxes have been increased by 9.1%.

The tax free savings vehicle has been implemented.

Effective from 1 March 2015.

Property transfer rates will see an increase in the transfer rates payable for property values acquired in excess of R2.25 million. Transfer duty in this bracket will be R85.000 plus 11% of the value above R2.25 million.

Minister Nene also indicated that significant progress had been made with regards to retirement reform. He indicated that the first draft of default retirement reform regulations will be published for comment shortly.

NAVORSING OOR AFTREE-OORD NUUSBRIEWE

Navorsing en wedstryd oor aftree-oord nuusbriewe

GrysKrag, in samewerking met *Plus50,* is van voorneme om navorsing te doen oor die Nuusbriewe wat as 'n tipe mondstuk gebruik word by aftree-oorde en soortgelyke leefstylkomplekse vir afgetredenes.

Dr Harper 'n bekende akademikus en afgetrede dosent sal die navorsing onderneem. Die doel van die navorsing is kortliks om in te gaan op die aard en aanslag van sulke nuusbriewe.

Om aftree-oorde en soortgelyke instellings met sulke nuusbriewe verder aan te moedig sal 'n prys toegeken word aan 'n uitgekiesde voorbeeld van so 'n nuusbrief.

Heelwat nuusbriewe is reeds ontvang, en dr Harper is besig om die inhoud, gehalte en skryfstyl van elke nuusbrief te ontleed.

Aftree-oorde landswyd word daarom vriendelik versoek om 'n voorbeeld van so 'n nuusbrief (Afrikaans en/of Engels) so gou moontlik (maar voor die einde van Julie 2015) te pos aan Martie Squier, Santiago 7, Jacobsonrylaan 32, Lynnwoodrif, Pretoria, 0081. U kan dit ook elektonies aanstuur na: **info@gryskrag.co.za**

Die wenner sal in *Plus50* aangekondig word.

Na verwagting gaan daar interessante resultate tot voordeel van nuusbrief-kommunikasie in die seniorsgemeenskap navore kom.

FLU VACCINE FOR THE ELDERLY

Flu vaccine

When winter lurks, flu can't be far behind. Although the weather is about to take a turn for the worst, it doesn't mean you have to go the same way.

The vaccine is made of a chemically inactive virus and enables the body to learn and store the "shape" of the flu virus so that when the real virus appears, the immune system is already armed to fight it. However, the degree of protection it offers will depend on a variety of factors such as the patient's age, state of health and the closeness of the "match" between the vaccine and the specific strains of influenza in the circulation.

It is strongly recommended that people who fall into the following categories should have the vaccine:

Elderly people with a chronic health condition, or with a weakened immune system

Everyone age 65 and older

Residents of long-term care facilities

Caregivers of the elderly

Elderly on long-term aspirin therapy

Anyone who is likely to come into regular, close contact with people in these high-risk categories

Source: **http://wwwbestmednews**

GRANT FOR OLDER PEOPLE—THE FACTS

Having recently received the 2015 asset and threshold figures directly from SASSA, GreyPower was prompted to check out the facts of the Grant for Older Persons.

In August 2014, 16.3 million people were recipients of social grants, of whom 3 million were receiving grants for older persons.

Who qualifies for a Grant for Older Persons? Applicants must:

Be permanent S A citizens

Be 60 years and older

Not been cared for in a State Institution

Not be in receipt of another grant

Submit a 13 digit bar coded identity document

You need to apply at your nearest SASSA office or you may request a home visit. A SASSA official must be present when you complete the form. The application process take up to 90 days. If your grant is approved, you will get paid from the date of application. SASSA evaluates the income and assets of every person applying for assistance to determine whether the person's financial resources are below a stipulated amount.

The value of the Older Persons Grant is R1,428 per person per month. If you are aged 75+, you will receive an additional R21 per month. You will receive your grant through a SASSA card. If you want to use alternative methods of payment such as Banks or Postbank, you must contact your nearest SASSA office. You may also nominate a procurator to collect the money on your behalf.

Visit your nearest SASSA office with all your enquiries. **Contact details: Hotline: 0800 601 011 Website: http:// www.sassa.gov.za**

The SASSA card

STAPPE OM 'N AANLYN WINKEL TE BEGIN

Met die opkoms van aanlyn-winkels oorweeg meer mense dit om so 'n onderneming te begin.

Dit is nie so maklik nie en dit verg beplanning, sê Jaco Jonker, uitvoerende hoof van een van Suid-Afrka se oudste webmarkte, Bidorbuy.

Sy wenke is:

Besluit op 'n produk: Begin deur te dink wat jy gaan verkoop. Hy beveel een nisproduk aan."Dit moet iets wees wat werklik waarde het en dit moet in 'n behoefte voorsien".

Besluit op 'n verskaffer: Besluit waar jy die produk gaan koop—plaaslik of internasionaal. Vind 'n verskaffer wat goed by jou onderneming gaan pas. Kyk na 'n lys van verskaffers op Alibaba.com en Aliexpress.com. 'n Noukeurigheidsondersoek is baie belangrik. Kies 'n wettige verskaffer.

Waar gaan jy verkoop? Begin 'n webtuiste of kry 'n aanlyn bemarkingsplatform soos Bidorbuy.com. Die platform is gratis en kommissie word net betaal wanneer iets verkoop word.

Bemarking: Gebruik 'n aanlyn bemarkingsplek soos Bidorbuy en kry 'n Google Adwords-rekening waarmee jy jou advertensie op Google kan kry.

Verskeping en pakhuise: Die beste is om van uitgekontrakteerde logistieke dienste en pakhuise gebruik te maak. Jou produk word direk na die pakhuis gestuur. Sodra 'n bestelling op jou webtuiste geplaas word verpak en stuur die pakhuis die produk aan die koper. Jy kan ook van koerierdienste gebruik maak en self die verpakking doen. Die poskantoor bied ook baie mededingende pryse aan.

Jaco Jonker uitvoerende hoof van Bidorbuy

NUUS OOR TEGNOLOGIEMAATSKAPPYE

Nuus oor tegnologiemaatskappye wat in die afgelope tyd opskrifte gehaal het op die webwerf *Business Insider,* sluit in:

Tot 50% van **Twitter** se onaktiewe gebruikers probeer meer as een keer die diens gebruik voordat hulle tou opgooi.

Amazon se verkope van sy Kindle Fire-tablet het met 70% gedaal.

Apple stel in samewerking met IBM verkoopsmense aan om IPads aan maatskappye te probeer verkoop.

Larry Page, uitvoerende hoof van **Google** het sedert 2011 nie minder nie as sewe senior bestuurders afgedank of rondgeskuif.

Die **hommeltuig-revolusie** is hier: Groentee word reeds in China deur hommeltuie afgelewer.

Micromax , het Samsung verbygesteek as die topverkoper van selfone in Indië.

Google gaan nie die taxi-app Uber die stryd aansê nie.

Apple, wat 'n kontantsaldo van $178 miljard het, het die afgelope maand 'n lening van $6.5 miljard uitgeneem. Almal wonder of dit vir iemand anders was of vir hulle self.

Address
2de Vloer/2nd Floor
318 The Hillside
Lynnwood, PRETORIA

Phone
(012) 348 - 3087/8706
Fax:
(012) 348 - 5644
E-mail
GreyPower
plus50@plus50.co.za
Editor
Martie Squier at:
martie.squier@gmail.com

GreyPower as an Association

GreyPower is a country-wide non-profit organisation that was founded in 1995. It is a service and goodwill association for persons of fifty years and older as well as for those who are unemployed due to early retirement.

Vision and Mission

The vision of GreyPower is to actively promote and develop the dignity, quality of life and social security of its members in order to enable them to continue functioning as participating responsible and active members of their communities.

The mission of GreyPower is to keep its members informed about developments that affect their interests and to support them through specialized information and guidance to enable them to handle their personal interests effectively.

WOULD YOU LIKE TO JOIN GREYPOWER? CONTACT US NOW!

BOEKAANKONDIGING



Schalk Schoombie

Titel: Boomkastele

Outeur: Schalk Schoombie

Prys: R220

Datum: Junie 2015

Uitgewer: Human & Rousseau

Resensie: Boomkastele vertel die verhaal van 'n navorser en sy klein obsessies en geite. Daar is al die koerantberigte oor interessante ditjies en datjies wat hy deur die jare versamel het en wat hy na sy aftrede wil liasseer, en 'n kleintydse droom van 'n eie boomhuis. Sentraal tot die verhaal, is daar ook sy voorstedelike sonde met die bure wat begin die dag toe hulle twee bome afkap wat halfpad op sy erf staan sonder om hom daaroor te raadpleeg. Die woede wat hy hieroor ervaar, rig uiteindelik die res van sy lewe.

Parallel met hierdie storie is daar die verhaal van die misdaadjoernalis by 'n dagblad. Sy het haar eie obsessie om uit te vind wie is sirkelman, die graffitikunstenaar wat Da Vince se Vitruviaanse man op stadsmure verf. 'n Deel van die genot van hierdie boek lê daarin om te kyk hoe –en of– hierdie twee stories hoegenaamd iets met mekaar te doen het, en hoe die skrywer hulle gaan laat saamloop.

Boomkastele is 'n lekker - lees boek. Daar is genoeg intrige, deurlopende spanning en slim humor om 'n mens aan die lees te hou.

Boomkastele is 'n waardevolle bydrae tot Afrikaanse prosa. 'n Mens kan sover gaan om te voorspel dat ons die boek na alle waarskynlikheid volgende jaar op letterkundige pryse se kortlyste gaan sien.

Boomkastele is beslis aan te beveel, veral vir lesers wat hou van fynproe-Afrikaans.